



EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (N-T)
EVANGELISCH-LUTHERISCHE KIRCHE IM SÜDLICHEN AFRIKA(N-T)
EVANGELIESE LUTHERSE KERK IN SUIDER-AFRIKA (N-T)

P.O. Box 7095, Bonaero Park 1622
Tel. (011)-9797137
or (011) - 083 8693
Cell: 071 869 3332
Fax to Email:086 502 6891
Email: bishop@elcsant.org.za
Skype: elcsant

**„Sproei altyd na die basis van die vuur“
„Direct the spray at the base of the flame“**

ˆn Oproep aan almal

Die aanwysings op die brandblusser is groot en duidelik, met sketse: Blus die vuur van onder af! Die rede vir hierdie aanwysings is eenvoudig: Wanneer die vlamme vretend opskiet, is die natuurlike reaksie om na die vlamme te spuit. Hulle sal dan dadelik kleiner word, maar sodra die blusser leeg is, vlam hulle weer op. Dit is noodsaaklik om die basis van die vuur te blus, daar, waar die vlamme ontstaan. Eers dan sal die vlamme heeltemal geblus word.

Ons land is aan die brand. Vretende vlamme skiet uit die hoogste amp van ons land, en vanaf die top leierskap af op. Almal roep: Blus die vuur, die president moet vervang word.

Inderdaad, hy veroorsaak enorme skade. Maar al tree hy terug, sal die vuur nog steeds voort woed. Korrupsie sal nie ophou nie. Vroue en kinders sal nog steeds verkrag en misbruik word. Mense sal aanhou haat, en "die ander" met agterdog bejeën. Onskuldige lewens sal nog steeds gewelddadig tot ˆn einde kom. Armes sal steeds al hoe armer word.

Die korrupsie op hoogste vlak is nie die oorsaak van al die probleme nie - dis net die duidelikste, verwoestende teken van ˆn samelewing in krisis, van dinge wat verkeerd loop, van bo tot onder, van die presidensie tot in my eie lewe.

“Blus die basis van die vuur!” - dit is die benadering wat nodig is om ons land te red.

Dit is naïf om te glo dat met die vervanging van die president alles in orde sal wees. Ons land brand oorl en dit brand diep. Dit is waar die vuur geblus moet word.

Ons is nou in die lydensweek, waar ons daaraan dink hoe Jesus vir ons gely en gesterf het. Op die laaste aand voor sy kruisiging het Jesus vir sy dissipels gesê: “Julle moet waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie” (Markus 14,38) en dan: “Staan op, kom ons gaan” (v 42), wetende dat die donkerste ure van die mensdom voor hom lê.

Waak en bid, staan op - dit is ook die uitdaging aan ons. En dit begin by my. Waar moet ek omkeer, boete doen, my lewe verander? Waar is ek gierig of verbitterd? Waak en bid!

Dan dink ek aan my gesin, my werk, my verhoudings en gewoontes. Waar is daar vure wat brand, wat dit vir my en ander moeilik maak om te lewe? Waar is ek vernietigend teenoor ander of teenoor myself? Waak en bid dat julle nie in die versoeking val nie! Wanneer ons na Jesus luister, word ons in hierdie land soos ˆn voorbrand - die vuur kan nie meer deur ons versprei word nie, maar word gestop!

Daarom nooi ek almal uit om deel te word van ˆn gebedsbeweging wat die vuur van onder aff blus. Natuurlik moet ons ook erg bekommerd wees oor die vlamme heel bo, maar hulle sal altyd weer opskiet as ons nie die basis blus nie.

Goeie Vrydag en Paassondag kan vir ons ˆn goeie raamwerk vir so ˆn gebedsveldtog gee.

Gebedsrooster

1. Wanneer jy in die oggend wakker word, laat jou herinner aan die opstandingsondag: Jesus het opgestaan, Jesus het die dood oorwin. Begin elke dag met ˆn dankgebed. Te midde van alle chaos en ang mag jy weet: Jesus het oorwin! En sy oorwinning gee aan jou die krag om die uitdagings aan te pak. Sluit jou gebed af met die woorde: **Here Jesus Christus, koning bo alle konings, gee vir my krag vir hierdie dag!**

2. 9h00 Volgens die Evangelies was dit die uur waarop Jesus gekruisig is. Die onskuldige een was uitgelewer aan die geweld van die magtiges. Bid vir almal wat hulle mag misbruik. Dalk is jy self skuldig daaraan? Bid ook vir ander, op hulle name, waar jy magsmisbruik sien en ervaar. Eindig met: **Gekruisigde Here Jesus Christus, ontferm U oor ons!**

3. 12h00: Ons lees dat op Goeie Vrydag duisternis oor die aarde gekom het. Bid vir die duisternis in jou lewe, of dit nou jou eie skuld of deur ander veroorsaak is. Bid om vergifnis en dat jy self bereid sal wees om te vergewe. Bid vir ander wat in donkerte gehul is: werkloses, mense sonder heenkome, onderdrukte en misbruikte, almal wat God-verlate voel. Bid ook vir wysheid en leiding, waar jy 'n verskil kan maak. Sluit af met: **Here Jesus Christus, bring lig in hierdie duisternis!**

4. 15h00 Dit was die uur van Jesus se sterwe. Hy het die sondes van die wêreld op hom geneem. Bring die verkeerde dinge in jou lewe na Hom toe. Bid vir die dinge in jou gesin, dorp en samelewing wat verkeerd loop. Noem die probleme in ons land, sê dit vir die Here. Sluit af met: **Here Jesus Christus, U het die sonde van die wêreld gedra. Ontferm U oor ons!**

5. Slapenstyd: Goeie Vrydag was verskriklik. Maar ons lees dat selfs die aand ná die opstanding van Jesus die dissipels vreesbevange agter toe deure weggekruip het. Maar skielik het Jesus by hulle gestaan, hulle gegroet met die woorde: Vrede met julle!

Wanneer jy gaan slaap, hoor dan Sy woorde “Vrede met jou!” Op 'n ander geleentheid het Hy vir sy dissipels gesê: “In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.” (Johannes 16,33). Jy kan jouself hierdie nag in sy sorg plaas. Sluit af met die woorde wat hy aan die kruis gebid het: **Vader, in U hande gee ek my oor! (Lk 23,46)** - en slaap dan rustig!

Herhaal hierdie gebed elke dag, dag vir dag, week vir week, maand vir maand. Laat ons dit bid totdat die vlamme heel onder geblus is, totdat daar vrede en genesing in ons land plaasvind. Dan sal die vlamme heel bo ook nie meer vernietigend kan brand nie.

Wees waaksaam, bid, en doen wat die Here jou vra om te doen. Voel vry om hierdie oproep vir ander aan te stuur.

Jou mede-dienaar van Jesus Christus



Horst Müller (Biskop)

Gebedsrooster

1. Wanneer jy in die oggend wakker word, laat jou herinner aan die opstandingssonntag: Jesus het opgestaan, Jesus het die dood oorwin. Begin elke dag met 'n dankgebed. Te midde van alle chaos en angs mag jy weet: Jesus het oorwin! En sy oorwinning gee aan jou die krag om die uitdagings aan te pak. Sluit jou gebed af met die woorde: **Here Jesus Christus, koning bo alle konings, gee vir my krag vir hierdie dag!**

2. 9h00 Volgens die Evangelies was dit die uur waarop Jesus gekruisig is. Die onskuldige een was uitgelewer aan die geweld van die magtiges. Bid vir almal wat hulle mag misbruik. Dalk is jy self skuldig daaraan? Bid ook vir ander, op hulle name, waar jy magsmisbruik sien en ervaar. Eindig met: **Gekruisigde Here Jesus Christus, ontferm U oor ons!**

3. 12h00: Ons lees dat op Goeie Vrydag duisternis oor die aarde gekom het. Bid vir die duisternis in jou lewe, of dit nou jou eie skuld of deur ander veroorsaak is. Bid om vergifnis en dat jy self bereid sal wees om te vergewe. Bid vir ander wat in donkerte gehul is: werkloses, mense sonder heenkome, onderdrukte en misbruikte, almal wat God-verlate voel. Bid ook vir wysheid en leiding, waar jy 'n verskil kan maak. Sluit af met: **Here Jesus Christus, bring lig in hierdie duisternis!**

4. 15h00 Dit was die uur van Jesus se sterwe. Hy het die sondes van die wêreld op hom geneem. Bring die verkeerde dinge in jou lewe na Hom toe. Bid vir die dinge in jou gesin, dorp en samelewing wat verkeerd loop. Noem die probleme in ons land, sê dit vir die Here. Sluit af met: **Here Jesus Christus, U het die sonde van die wêreld gedra. Ontferm U oor ons!**

5. Slapenstyd: Goeie Vrydag was verskriklik. Maar ons lees dat selfs die aand ná die opstanding van Jesus die dissipels vreesbevange agter toe deure weggekruip het. Maar skielik het Jesus by hulle gestaan, hulle gegroet met die woorde: Vrede met julle! Wanneer jy gaan slaap, hoor dan Sy woorde “Vrede met jou!” Op 'n ander geleentheid het Hy vir sy dissipels gesê: “In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.” (Johannes 16,33). Jy kan jouself hierdie nag in sy sorg plaas. Sluit af met die woorde wat hy aan die kruis gebid het: **Vader, in U hande gee ek my oor! (Lk 23,46)** - en slaap dan rustig!